•Lugversorging
•Verkoeling
AJW
Technical Enterprises
•Air-conditioning
•Refrigeration

VERKOELINGSHERSTELWEK

So daar sit en wonder jy wat nou met jou yskas gaan gebeur nadat ons dit opgelaai en werkswinkel toe geneem het. Jy mag selfs dink “hoekom het hulle nie sommer hier tuis ‘n bietjie gas in-gesit nie”. Of dalk, “sekerlik kan ‘n yskas herstel nie dae lank neem nie”?

Die waarheid is, kom ons gee bietjie gas, vra jou ‘n lekker paar honderd rand en gee jou yskas terug. Onthou tog net om nie ons nommer te verloor nie, jy sal ons weer moet bel vir “nog gas”. Gas word mos opgebruik, of hoe? NEE - VERKEERD.

Ons kan moontlik ‘n yskas binne ‘n uur herstel, dit glad nie monitor vir kwaliteit of funksionaliteit nie en sommer gou aan jou terugbesorg. Moenie daai nommer verloor nie, miskien moes ons tog maar iets deegliker gedoen het, en jy gaan ons terug moet skakel. VERKEERD.

WAT MOET GEDOEN WORD IN YSKAS HERSTELWERK?

Wanneer dit by verkoelingsherstelwerk kom is daar maar net een manier, en dit is die regte manier.

Nie alle yskasprobleme is dieselfde nie, maar kom ons kyk. Die laaste keer dat jou yskas herstel maatskappy aan jou pragtige pronk yskas gewerk het:

Het hulle werklik die lek gevind, en herstel alvorens hulle bietjie gas “teruggesit” het?
Het hulle inderdaad ‘n deeglike drie-voudige vakuum getrek op die pypwerk om al die vog en onsuiwerhede te verwyder?
Besit hulle ooit ‘n vakuumpomp?!
Het hulle die werking van jou yskas oornag gemonitor?
Het hulle die volgende dag weer getoets vir lekplekke om seker te maak die probleem is opgelos?
Het hulle ‘n na-herstel verslag vir jou gegee om te sê wat fout was, die werk wat gedoen was te verduidelik en om raad te gee aan jou?
Kon hulle die verkoelings vermoë van jou yskas op ‘n grafiek-formaat aan jou toon?
Het hulle gratis na jou yskas kom kyk, sonder uitroep-fooi?
Het hulle tenminste jou yskas met ‘n kiemdodende, dog voedsel-vriendelike ontsmetmiddel gewas?
Het hulle darem ‘n beskermende “surge protection” muurprop opgekoppel nadat hulle daardie duur komper-bordjie in jou elektronies yskas vervang het?

Weet jy, die kanse is goed dat jy nie al die antwoorde vir hierdie vrae het nie. Dit is egter jou yskas, jou hard-verdiende geld, en jou basiese reg om te weet dat al hierdie vrae met ‘n helder JA beantwoord word, alvorens jy ‘n maatskappy aan jou yskas of vrieskas laat werk.

Jy moet maar hierdie vrae vra, alvorens jy ‘n herstel maatskappy aan jou yskas laat raak. As hulle vir jou sê dat iets op my lys onnodig is, gaan Google dit vir jouself, moenie op my woord staatmaak nie.

Laat ons toe om jou ys- of vrieskas vandag te herstel soos dit behoort gedoen te word.

Reg gedoen, die eerste keer.

AJW Technical Enterprises cc
079 868 7954
www.ajwte.com